# HILLCREST HIGH SCHOOL

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2018**

**EKSAMEN**

**GRAAD 8**

**PUNTE : 120**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *14* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

| | |
|---|---|
| AFDELING A: BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B: TAALWERK | (80) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

***STERKTE!!!***

**<u>AFDELING A</u> : <u>BEGRIPSTOETSE</u>**

**Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**

**VRAAG 1: Artikel**

**TEKS A**

1.1 Gee Brenda se geboortenaam. (1)

1.2 Op watter datum is Brenda gebore? (1)

1.3 Die volgende stelling is WAAR. Haal 'n sin uit die stuk aan om die stelling te bewys.

Brenda sal weet hoe om haarself te verdedig (protect). (1)

1.4 Noem twee dinge wat Brenda graag doen as sy nie werk nie. (2)

1.5 Hoe oud was Brenda toe sy in haar eerste advertensie gespeel het? (1)

1.6 Watter bekende model het Brenda geïnspireer om ook 'n model te word? Gee die persoon se naam en van. (1)

1.7 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde:

- Brenda het in die fliek, "Requiem", gespeel.
- Op vyfjarige ouderdom het Brenda in 'n advertensie verskyn.
- Sy het in die film, "Like Mike", gespeel.
- Sy het die hoofrol in "Leave it to Beaver" gespeel. (4)

1.8 Gee die name van twee Disney films waarin Brenda gespeel het. (2)

1.9 Die volgende stelling is ONWAAR. Bewys dit deur uit die stuk aan te haal.

Brenda was die ster van haar eie Disney-komedie-fliek, "Homecoming Warrior". (1)

1.10 Gee die regte name van die tweeling met wie Brenda in "The Suite Life of Zack & Cody" optree (act). (1)

1.11 Wat is die naam van die karakter wat Brenda in "The Suite Life of Zack & Cody" speel. (1)

1.12 Gee drie redes waarom Brenda sê hierdie is haar fantasiekarakter. (3)

1.13 Haal een woord in die laaste paragraaf aan wat vir ons sê hoe die karakters oor die werk wat hulle doen, voel. (1)

[20]

**ADVERTENSIE**

**TEKS B**

**1.14 Wat word in hierdie advertensie geadverteer? (1)**

**1.15 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter as antwoord neer.**

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.15.1 Stres minder hierdie jaar | A. Koop aanlyn. |
| 1.15.2 Spring die toue vry. | B. Kry 10% afslag. |
| 1.15.3 Los jou lysie by die winkel. | C. Waltons maak die lewe makliker vir jou. |
| 1.15.4 Tik die koeponkode by die betaalpunt in. | D. Ons wys jou waar alles in die winkel is. |
| | E. Ons doen jou koopwerk. |

**(4)**

**1.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter neer.**

**"Spring die toue vry" beteken**

**A. touspring is goeie oefening.**
**B. jy moet oor toue spring as jy Waltons toe gaan.**
**C. jy hoef glad nie in toue te staan nie.**
**D. jy moet in toue staan. (1)**

**1.17 Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer.**

**Die meisie in die prentjie se liggaamshouding sê sy (weet wat om te doen/ weet nie wat om te doen nie). (1)**

**1.18 Die volgende stelling is ONWAAR. Haal twee opeenvolgende woorde aan as bewys daarvan.**


**Waltons verkoop net "Terug Skool Toe-benodighede". (1)**

**1.19 Gee die name van die twee plekke wat ekstra punte sal kry as jy by Waltons koop. (2)**

**[10]**

**STATISTIEKE**

**TEKS C**



**1.20 Gee die vier handelsname vir Tegnologie. (4)**

**1.21 Kies die korrekte antwoord en skryf dit dan neer.**

**Die land wat die meeste verteenwoordig (represented) word is (Japan/Amerika/Korea/Duitsland). (1)**

**1.22 Watter bedryf het die <u>meeste</u> in 2016 gegroei?**
**a) Gee die naam van die bedryf. (1)**

**b) Gee die persentasie wat dit gegroei het. (1)**

**1.23 Watter bedryf het die <u>minste</u> in 2016 gegroei?**
**a) Gee die naam van die bedryf. (1)**

**b) Gee die persentasie wat dit gegroei het. (1)**

**1.24 Haal een woord aan wat vir ons sê wat jy koop as jy "Coca Cola" koop. (1)**

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: [40]**

## AFDELING B: TAALWERK

**Bestudeer die volgende prentjie en voer die instruksies uit:**

**TEKS D**



**VRAAG 1: SINSTRUKTURE**

**1.1 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte WOORDORDE.**

**1.1.1** Die seuntjie, op die strand, vanoggend, het, vinnig, gehardloop. (1)

**1.1.2** Dit, 'n pragtige dag, is, op die strand. (1)

**1.1.3** Die vrou, netnou, vir die seuntjie, sal, gee, kos. (1)

**1.2 Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.**

**1.2.1** Die seuntjie swem in die koue water. (1)

**1.2.2** Die seesand is baie warm. (1)

**1.2.3** Sy ma wil water drink. (1)

**1.2.4** Ek herken die vrou en haar kind. (1)

**1.2.5** Die vrou loop en eet 'n roomys op die strand. (1)

**1.2.6** Die seuntjie swem en speel by die see. (1)

1.3 Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

1.3.1 Ons ry môre strand toe. (1)

1.3.2 Dit is 'n pragtige, warm dag. (1)

1.3.3 Die vrou het 'n mandjie kos by haar. (1)

1.3.4 Die kinders speel met 'n bal op die strand. (1)

1.4 Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNING.

1.4.1 Die vrou sonbrand. (1)

1.4.2 Die seuntjie eet sy roomys. (1)

1.4.3 Die kind het al in die see geswem. (1)

1.4.4 Daar is nog kos in die mandjie. (1)

1.4.5 Iemand het 'n groot vis gevang. (1)

1.4.6 Iets het die seun op sy toon gebyt. (1)

1.5 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORDE in hakies.

1.5.1 Die seuntjie wil nog swem. Sy ma wil huis toe gaan. (maar) (1)

1.5.2 Daar is haaie in die see. Daar is 'n veiligheidsnet. (daarom) (1)

1.5.3 Almal is in die koue water. Die son skyn warm op hulle. (omdat) (1)

1.5.4 Die seuntjie speel in die vlak water. Sy ma tel skulpies op. (en) (1)

1.5.5 Die seuntjie droog sy voete af. Hy klim in die motor. (dan) (1)

1.5.6 Die seuntjie is bloedrooi gebrand. Dit was 'n baie warm dag. (aangesien) (1)

**[25]**

**VRAAG 2: WOORDSTRUKTURE**

**Bestudeer die onderstaande prentjie en voer dan die opdragte uit.**

**TEKS E**



**2.1 Gee die MEERVOUDE vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**2.1.1 Die seun het groot (oog).** **(1)**

**2.1.2 Sy twee (been) is reguit.** **(1)**

**2.1.3 Die kind se twee (knie) is vol sand.** **(1)**

**2.1.4 Hy gebruik twee (graaf) om die sandkasteel te bou.** **(1)**

**2.1.5 Ek hoop hy borsel altyd sy (tand).** **(1)**

**2.2 Gee die VERKLEINWOORDE vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.**

**2.2.1 Die seun se klein (arm) is seer.** **(1)**

**2.2.2 Hy het sy klein (hand) gestamp.** **(1)**

**2.2.3 Sy klein (voet) in toe onder die sand.** **(1)**

**2.2.4 Hy leun op sy klein (elmboog).** **(1)**

**2.2.5 Sy klein (maag) grom van hongerte.** **(1)**

2.3 Gee die teenoorgestelde GESLAG van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.3.1 Bennie-hulle kuier by sy (oom). (1)

2.3.2 Sy gunsteling (neef) is ook op die strand. (1)

2.3.3 Bennie gaan saam met sy (vriend) swem. (1)

2.3.4 Sanet wil graag eendag 'n (danser) word. (1)

2.3.5 Ek wonder waar (meneer) Smit is. (1)

2.4 Vul VOORSETSELS in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.4.1 Bennie se ma is kwaad ___ hom. (1)

2.4.2 Bennie loop ___ voet winkel toe. (1)

2.4.3 Bennie is ___ vakansie by die see. (1)

2.4.4 Bennie se ma wil ___ twee-uur huis toe gaan. (1)

2.4.5 Bennie se oom ry ___ motor om hulle te kom haal. (1)

2.5 Vul die korrekte DIEREGELUIDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.5.1 Bennie se hond ___ vir die seemeeu. (1)

2.5.2 Die duif in die palmboom ___. (1)

2.5.3 Sanet se kat by haar huis ___ vir kos. (1)

2.5.4 Op Bennie se oom se plaas ___ die jakkalse altyd. (1)

2.5.5 Daar is ook 'n koei wat ___. (1)

2.6 <u>Vul die PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en antwoord neer.</u>

2.6.1 Bennie drink ___ koeldrank, want ___ is dors. (2)

2.6.2 Sanet sit op ___ handdoek en lees 'n boek. (1)

2.6.3 Hulle het al ___ eetgoed opgeëet. (1)

2.6.4 Jy moenie swem as ___ maag te vol is nie. (1)

2.7 <u>Gee die INTENSIEWE VORM vir die woorde in hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer.</u>

2.7.1 Bennie eet maar min en is (baie maer). (1)

2.7.2 Die seesand is (baie wit). (1)

2.7.3 Die seewater in die Kaap is (baie koud). (1)

2.7.4 Dit is 'n pragtige dag en die lug is (baie blou). (1)

2.7.5 Die visserman op die strand is (baie dronk). (1)

2.8 <u>Vul die VERSAMELNAME in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.</u>

2.8.1 Bennie koop vir sy ma 'n ___ blomme. (1)

2.8.2 'n ___ voëls vlieg oor die water. (1)

2.8.3 Bennie se oom het 'n groot ___ skape op sy plaas. (1)

2.8.4 Daar is 'n ___ skepe op die see. (1)

2.8.5 Daar is 'n ___ visse wat in die waterpoel rondswem. (1)

2.9 Vul die korrekte WOORDESKAT OOR DIE SEE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en antwoord neer. Gebruik die woorde in die onderstaande woordblok.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| roomys | sonsambreel | emmer | grafie | branderplank |
| sonhoed | handdoek | skulpe | seesand | sandkasteel |

Die seuntjie bou 'n 2.9.1___ met sy 2.9.2___ en sy 2.9.3___.
Sy ma sit onder 'n 2.9.4___. Sy lê op haar 2.9.5___. (5)

2.10 Vul die korrekte VRAAGWOORDE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer. Die antwoorde word gegee om jou te help.

2.10.1 ___ sit Bennie? Die strand. (1)

2.10.2 ___ bou Bennie? 'n Sandkasteel. (1)

2.10.3 ___ gaan hulle huis toe? Twee-uur. (1)

2.10.4 ___ het Ma gelê? Op haar handdoek. (1)

2.10.5 ___ mense is op die strand? Baie. (1)

2.11 Vul die LIGGAAMSDELE in die oop spasies in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.11.1 Bennie kyk met sy ___ na die see. (1)

2.11.2 Bennie hou die emmertjie met altwee sy ___ vas. (1)

2.11.3 Hy ruik die heerlike kos met sy ___. (1)

2.11.4 Bennie luister met albei ___ as sy ma praat. (1)

2.11.5 Hy loop met sy twee ___ na die winkeltjie toe. (1)

[55]

TOTAAL AFDELING B: [80]
SOMTOTAAL [120]